# DIE ERE-ADRESSE AAN GENL. J.B.M. HERTZOG AS HISTORIESE BRON*

**Dr. Maria Hugo**
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

Die 642 ere-adresse wat tydens die jare 1895 en 1940 aan genl. Hertzog oorhandig of gestuur is, is verwelkomings- en huldigingsgeskrifte waarin hy bedank is vir wat hy as politieke leier vermag het en waarin instemming betuig is met sy optrede in verband met verskeie aangeleenthede. Hierin is hy ook aangemoedig om voort te gaan op die weg wat hy ingeslaan het. Feitlik al die adresse is aan hom oorhandig by geleentheid van byeenkomste wat hy toegespreek het, behalwe dié wat deur verskeie stadsrade aan hom gestuur is na sy terugkoms van die Rykskonferensie in 1926. Die grootste aantal van hierdie adresse is uit die Oranje-Vrystaat afkomstig, terwyl Transvaal en Kaapland ongeveer gelykop verteenwoordig is en Natal en Suidwes-Afrika ook min of meer dieselfde adresse oorhandig het. Waar feitlik die hele Vrystaat (die platteland sowel as die groter sentra) asook Transvaal deur adresse verteenwoordig word, is die adresse wat Natal betref, slegs van die tradisioneel meer Afrikaans-sprekende noordelike distrikte afkomstig, Vryheid, Utrecht, Greytown, en in die suide Pietermaritzburg. Durban word in die versameling slegs deur een adres verteenwoordig, naamlik dié van die *African National Bond* (Afrikaanse Nasionale Bond) van Kleurlinge. Wat die Kaapprovinsie betref, is die adresse hoofsaaklik afkomstig van die noordelike, noordoostelike en noordwestelike dele soos Aliwal-Noord, Graaff-Reinet, Victoria-Wes, Kimberley en Kuruman. Opmerklik is dit dat die streek wat tans as die Westelike Provinsie bekend is, swak verteenwoordig is — ofskoon dit bekend is dat genl. Hertzog meer as een vergadering op Stellenbosch toegespreek het.

Die adresse gee dus 'n beeld van die reise wat deur genl. Hertzog onderneem is, die plekke wat hy besoek het en die groot aantal vergaderings wat hy tydens sy politieke loopbaan toegespreek het. Die eerste adresse herinner sterk aan die memories van die burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat by die Volksraad ingedien is. Ofskoon enkeles uit die vroeë periode as uitsondering slegs deur die voorsitter en sekretaris van die partytak onderteken is, verskyn die handtekeninge van verskeie persone oor die algemeen onder aan hierdie adresse. So bv. is die adres van die Afdelingsbestuur van die Suid-Afrikaanse Party van Rouxville en Distrik, gedateer 28 Julie 1913, deur 127 persone onderteken en op 'n adres van die Distriksbestuur van die Suid-Afrikaanse Party, Fauresmith (5 April 1913), verskyn 120 naamtekeninge. Na die weglating van genl. Hertzog uit die Bothakabinet in 1913 is 'n adres wat deur 93 ondersteuners onderteken is, op 31 Oktober van dieselfde jaar te Graaff-Reinet aan hom oorhandig, terwyl 'n ongedateerde adres van die Moeders en Dogters van Zastron en distrik ("1912") deur 137 persone se handtekeninge afgesluit is. In Desember 1912 het genl. Hertzog die Dingaansfeesviering (Geloftedag) by Groot Spelonken in die

*Lesing gehou vir die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, 11 September 1976. Erkentlikheid word betuig aan die Direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria, vir toestemming wat verleen is om 'n studie van die ere-adresse te maak wat aldaar gehuisves word. Datums wat tussen aanhalingstekens verskyn, is op ongedateerde geskrifte deur genl. Hertzog of iemand anders aangebring.

Zoutpansberg bygewoon en by dié geleentheid 'n huldigingsgeskrif van die kinders ontvang waarop 104 handtekeninge verskyn het. Ongetwyfeld gee hierdie handtekeninge 'n meer persoonlike karakter aan die geskrifte en kan dié gebruik gesien word as 'n uiting van die sterk demokratiese inslag wat daar by die mense aanwesig was en die begeerte om persoonlik hul standpunt te stel en "die stem van die volk te laat hoor". Later het hierdie gebruik verdwyn en is die geskrifte slegs deur die voorsitter en sekretaris namens die partytak, die organisasie of vereniging onderteken, met die uitsondering van 'n adres van die studente en dosente van die Universiteit van Stellenbosch nadat genl. Hertzog se neutraliteitsmosie in 1939 in die parlement verslaan was, waarop 952 handtekeninge verskyn.

Onder die ondertekenaars van die geskrifte kom die name voor van bekende historiese figure soos dié van C.J. Langenhoven, in sy hoedanigheid as voorsitter van die Distriksbestuur van die Nasionale Party, Oudtshoorn; dié van mev. Elsie van Broekhuizen, kleindogter van president Kruger, en mev. Helena Muller, eggenote van genl. Chris Muller, voorsitster en sekretaresse onderskeidelik van die Vroue- Nasionale Party se takke in Pretoria; Harm Oost; Hjalmar Reitz; Oswald Pirow; adv. E.G. Jansen en mev. M.M. Jansen; dr. D.F. Malan — om maar enkeles te noem.

Genl. Hertzog het by dieselfde geleentheid soms van 3 tot 4 verskillende ereadresse van verskeie instansies ontvang, so bv. het hy met sy besoek aan Bethulie op 25 September 1915 adresse ontvang van die Ontvangskomitee, van die Stadsraad van Bethulie, van Lede van die Nasionale Vroue-Helpmekaar-vereniging en een namens die Jeug van Bethulie.

Die adresse in die versameling is dus deur verskeie organisasies aangebied, onder meer deur die Suid-Afrikaanse Party, die Nasionale Party (vanaf 1914), die Vroue- Nasionale Party en die Nasionale Vroue-Helpmekaar-vereniging. Daar is ook adresse wat opgestel is namens die moeders en dogters, die inwoners van dorpe en stede, stadsrade, landbou- en boereverenigings, skoolkinders, skietkommando's, die Arbeidersparty, die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, Kleurlinge, Indiërs en Naturelle — hierdie term word deurgaans in die referaat in historiese verband gebruik.

Die adresse van die verskillende groepe openbaar 'n eie afsonderlike karakter, nie net wat die gees en toon nie, maar ook wat die inhoud en strekking daarvan betref. In die adresse van lede van die Nasionale Party word generaal Hertzog veral as leier gehuldig en veral vir die feit dat hy die nasionale bewussyn van die Afrikaner opnuut wakker geskud het. Trouens, hierdie geskrifte is miskien die sterkste getuienis van die nasionale herontwaking by die Afrikaner en die bewustelike aanvaarding van sy eie identiteit na die Tweede Vryheidsoorlog. As sodanig is hierdie adresse nie net van politiek-geskiedkundige nie, maar ook van kultuur-historiese betekenis. Verder getuig hulle van meelewing met en insig in die gebeurtenisse in die land en gaan die geskrifte oor wesenlik belangrike sake soos taalregte, politieke, ekonomiese en sosiale probleme.

Die klem in die geskrifte afkomstig van vroue-organisasies val op die belangrikheid van die moedertaal, die onderwys en die behoud van die sedes en tradisies van die Afrikanervolk. Meer as in die ander adresse spreek hier 'n besorgdheid oor die toekoms van die Afrikanerjeug. Tiperend hier is die Afrikanervrou se siening van haar plek en funksie in die volkslewe en die vereistes wat sy aan 'n volksleier stel. Sy is sterk ingestel op geestelike waardes en op beginselvastheid en die gedagte dat eie belang geen rol moet speel nie. Vir 'n insig in die geestelike gesteldheid en waardes van die Afrikanervrou van die eerste helfte van hierdie eeu en haar beskouings oor die

politieke, ekonomiese en sosiale toestande waarin sy haarself bevind het, is hierdie adresse aan genl. Hertzog 'n betekenisvolle kultuur-historiese bron.

Wat betref die adresse wat van kinders afkomstig is, is dit in baie gevalle duidelik dat die geskrifte deur 'n onderwyser of 'n ander volwasse persoon opgestel is. Ander weer tref deur 'n naïewe ongedwongenheid en 'n onbeholpenheid in die daarstelling van hul gedagtes, sodat die egtheid van die opstellers moeilik betwyfel kan word, o.m. soos blyk uit 'n adres wat deur 43 kinders van Jagersfontein (September 1915) onderteken is en as volg lui:

> "Die ou mense, onse ge-eerde ou voor-ouers, het altijd gese: 'Kinders moet nie gehoor word nie, hulle moet net gesien word'. Dis een pragtige spreek-woord en ons moet, met skaamte, erken dat ons, teenswoordig se kinders in die alledaagse lewe nie meer beantwoord nie aan die goeie beginsel. Nog minder beantwoord ons aan die vele andere pragtige ou beginsels wat altijd deur onse voorouers neergeleg werd en wat in hulle tijd gewoonte en wet was.
>
> Dis nie ons skuld nie, Generaal, dis die skuld van onse ouders. Dis darem ook nie heeltemal hulle skuld nie, dis die skuld van die vreemde invloede waaronder onse ouders gedeeltelijk opgegroei het en waaronder ons gebore en tot soover geleef het."

Oor die algemeen is die amptelike verwelkomingsgeskrifte van die stadsrade meer saaklik met verwysing na plaaslike aangeleenthede. In verskeie gevalle is dieselfde teks in albei landstale aangebied en wat die adresse uit Suidwes-Afrika betref, in Afrikaans, Engels en Duits.

Altesaam 5 adresse in die versameling is van Kleurlinge afkomstig, 2 van Indiërs en 10 van Naturelle. Hierdie geskrifte handel hoofsaaklik oor sake wat dié verskillende groepe raak. In drie adresse van Kleurlinge, nl. dié van die *African National Bond*, 3 Augustus 1928, 'n ongedateerde van die lede van die Worcesterse tak van die Afrikaanse Nasionale Bond en dié van die *Members of the General Executive of the Vaal River Coloured Diggers Protection Association* van Windsorton (14 Julie 1923), word genl. Hertzog bedank vir alles wat hy in belang van die Kleurlinge gedoen het. Die Durbanse adres spreek die vertroue uit dat dit die beleid van die regering sal wees om die Kleurlinge verder op te hef en te steun in 'n vooruitstrewende rigting wat tot algemene welvaart sal lei.

'n Insiggewende adres t.o.v. die gevoel van eie identiteit is dié namens *The Coloured Community of Zululand* van 3 Augustus 1928. Hierin word versoek dat die regering sal toesien dat die Kleurlinge afsonderlik van die Naturel verder sal ontwikkel en dat grond aan hulle buite Naturellegebied toegeken sal word, sodat hulle die *vernedering gespaar sal word om in 'n Naturellereservaat te moet woon, onderhewig aan Naturellewette.*

As historiese dokumente is die twee adresse van Indiërs afkomstig (die een van die Indiërgemeenskap van Lydenburg en distrik, 13 Januarie 1928, en 'n ongedateerde uit Kimberley) minder insiggewend, aangesien daar weinig blyke is van wat hul beskouing is oor die ekonomiese, politieke en sosiale posisie van die Indiërs. In die twee verwelkomingsadresse verseker die ondertekenaars genl. hertzog van hul lojaliteit, goedgesindheid en onderdanigheid aan die landsbestuur.

Die tien adresse in die versameling wat van Naturelle afkomstig is, is aan genl.

Hertzog gerig in sy hoedanigheid as Eerste Minister en Minister van Naturellesake. Vyf hiervan wys daarop dat genl. Hertzog die eerste staatsman was wat die moed geopenbaar het om 'n poging aan te wend om 'n oplossing vir die Naturellevraagstuk te vind en dat hulle vertroue in hom het en die weg wat hy inslaan, met belangstelling volg. Beswaar word egter gemaak teen werkreservering (die *Industrial Colour Bar* soos hulle dit noem). Verder word daar gewys op die kwessie van grond, die probleem van Naturelletoevloei na die stede en dorpe en toestande wat daarmee gepaard gaan en die kwessie van doeltreffende onderwysfasiliteite.

'n Betekenisvolle adres is een wat in Engels opgestel is en wat op 6 Augustus 1928 aan generaal Hertzog tydens sy besoek aan Nongoma namens die Zoeloevolk oorhandig is. Hierdie adres is deur 5 persone onderteken, waarvan die handtekening van twee slegs deur kruisies aangedui is. Ook in hierdie adres word genl. Hertzog gelukgewens met die moed wat hy geopenbaar het om 'n beleid vir die oplossing van die Naturellevraagstuk te formuleer, maar hulle dring daarop aan dat hulle eers geraadpleeg moet word voordat daar tot besluite oorgegaan word. Hulle stel dit duidelik dat die Zoeloevolk nie daarna streef om die Blankes te oorheers nie, maar dat dit hul begeerte is om met die nodige hulp en leiding volgens hul eie tradisies in goeie en nuttige *Africans* te ontwikkel, wat mettertyd sal kwalifiseer vir burgerskap "in; hierdie hul eie geboorteland". Hulle verseker generaal Hertzog dat die Zoeloevolk lojaal teenoor die Suid-Afrikaanse regering is, maar dat hulle ook 'n lojaliteit het ten opsigte van hul eie tradisionele koning.

Die algemene gesindheid wat uit dié paar adresse van Naturelle spreek, is miskien die duidelikste geformuleer in 'n ongedateerde geskrif wat deur die ses lede van die Naturelle-adviesraad namens die inwoners van die Kroonstadse munisipale lokasie onderteken is. Daarin staan: "*We realise that the welfare of South Africa is largely dependent on co-operation between the European and Native Races, and that the destiny of the Native Races is interwoven with that of the Europeans*".

Tot dusver dus 'n algemene beskouing oor die adresse wat van 'n paar groepe van die Suid-Afrikaanse bevolking afkomstig is. Naas verskeie belangrike gebeurtenisse wat tydens die politieke loopbaan van genl. Hertzog, d.w.s. van 1907 tot 1940, plaasgevind en 'n neerslag in die adresse gevind het soos die breuk met genl. Botha, die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie van 1914, die Vryheidsdeputasie (1919) en die verkiesings van 1915, 1920, 1924, 1929 en 1933, die Vlagkwessie van 1927, die toekenning van vrouestemreg in 1930, die droogtes en depressie veral van die begin dertigerjare, is daar tog sekere sake wat meer prominent na vore kom in 'n groot aantal adresse. Wat hierdie bepaalde aangeleenthede betref, is die adresse 'n waardevolle historiese bron omdat die gevoelens en siening van 'n groot deel van die Afrikaanssprekendes in dié dokumente tot uiting kom.

Eerstens is daar die *karakter van genl. Hertzog:*

Vir die biograaf is die adresse van belang omdat hulle aantoon hoe genl. Hertzog se volgelinge hom as *mens* gesien het. Dit is opvallend dat ondanks die beperktheid van meningvormende media tydens die aanvangsjare van genl. Hertzog se politieke loopbaan, sy volgelinge oor die hele land — van Zoutpansberg in die noorde tot by Malmesbury in die suide — deur dieselfde karaktereienskappe wat sy optredes gekenmerk het, getref is. Talle adresse verwys na sy *eerlikheid, beginselvastheid* en *opregtheid.* (As voorbeelde kan genoem word: dié van die Nasionaliste van Standerton, gedateer Oktober 1915; een uit Uniondale, 2 Oktober 1915 en een van die Voorsitter van die Dagbestuur van die Nasionale Party van Marico, 5 April 1923).

Ander, soos bv. dié een van die Nasionale Party Prieska ("1924"), verwys weer na die *onomkoopbaarheid* van genl. Hertzog. Verskeie, waaronder dié van die Nasionale Party van die kiesafdeling Utrecht-Newcastle (4.10.1915), verwys na die *moed, volharding* en *selfverloëning* waarmee hy die stryd vir die erkenning van die Afrikaner se taal en vir die regte en behoud van die tradisies van sy volk geveg het. In 'n adres wat op 26 Julie 1928 deur die Vroue van Bethlehem aan generaal Hertzog oorhandig is, staan hierdie woorde: "Moed, Vasberadenheid, Volharding, Wilskrag en Durf — 'n eienskap in 'n man wat deur die vrou in die algemeen die eerste opgemerk en die hoogste bewonder word. Die Oranje Vroue Vereniging van Bethlehem bewonder die eienskappe in U (met volle toestemming van hul mans!)"

Verder is daar geskrifte waarin gewys word op die sterk gevoel vir *reg* en *geregtigheid* wat by genl. Hertzog aanwesig was. Daar is o.m. 'n ongedateerde adres uit Zwartruggens ("1918") wat daarop wys dat sy loopbaan getuig het *van onverskrokke mannemoedigheid wat van geen terugdeins weet nie, wanneer dit betref reg en geregtigheid,* en op 19 Junie 1924 het die Nasionale Partytak Pilansberg, dist. Rustenburg, hulde gebring omdat hy *groter eer en geld (met die hulp van die Allerhoogste) opgeoffer (het) vir reg en geregtigheid.*

Die treffendste samevatting van genl. Hertzog as mens èn politikus is ongetwyfeld gegee in 'n adres van die Vroue- Nasionale Party van Parys, gedateer 5 Januarie 1929. Daarin skryf hulle as volg:

> "As volksheld, volksbouer, krygsman, opvoeder en staatsman eer ons u onder Suid-Afrika se grootste sone. Dit is egter in die beginselvaste, rotsferme, frisse karakter, getoets oor so 'n lange tydperk van politieke lewe, dat die nageslag U sal in herinnering neem as 'n held onder die helde van ons Volk. Die magtige Mammon van politieke geknoei kon U nie tot aanbidder dwing nie."

Afgesien van die persoonlike karaktertrekke van genl. Hertzog wat na vore kom, getuig die geskrifte van die kenmerkende trekke van sy leierskap: Daar word verwys na die *besieling* en *oortuigingskrag* wat van sy leiding uitgegaan het en hoe hy opnuut selfrespek by die Afrikaner opgewek het . (Lede van die Suid-Afrikaanse Party, Smithfield, 11 Januarie 1913; die Nasionale Partytakke te Zoutpan, 16 September 1916, die Nasionale Helpmekaar en die Kultuurvereniging van Reddersburg, 5 Desember 1919, e.s.m.) In verskeie adresse uit die jaar 1915 (o.m. dié van die Nasionale Party, Molteno, 9 Oktober 1915, die Nasionale Vroue van Piet Retief, 19 Januarie 1921) word hy gesien as die instrument waardeur die Opperwese gewerk het om die Afrikanervolk wakker te skud. Vir baie het genl. Hertzog 'n simbool geword, die verpersoonliking van vorige leiers, 'n Piet Retief, 'n Andries Pretorius, wat die Afrikaners na oorwinning moet lei, 'n Moses wat die aangesig van die volk *wat dikwels soos Israel optree, deurdat hulle sugtend en verlangend na die vleespotte van Egipte uitsien,* met 'n kragtige hand na die beloofde land moet keer [adres van die Nasionaliste van Strydenburg, K.P., 5 Februarie 1921]. Die Nasionale Party van Piet Retief (19 Januarie 1921) sien in hom die grondlegger van 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme, maar ook die redder van die eenselwigheid van die Afrikanervolk. Verder is daar adresse waarin 'n blik op die toekoms gewerp word en die historiese betekenis van genl. Hertzog bepaal word (bv. in die adres van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party Kroonstad, 23.4.1938 en die Provinsiale Afdelingsbestuur van die Verenigde Suid-Afrikaanse Party, Rouxville, November 1939, om slegs twee te noem). Veral vir die jeug was hy 'n bron van inspirasie. Op 19 April 1938

verneem hy uit 'n adres namens die Jeug van die kiesafdeling Fauresmith die volgende woorde: "U was vir die Afrikanerdom die verpersoonliking van durf en moed, u het ons geleer en gelei om minderwaardigheid en vrees te oormeester ..."

Een van die aangrypendste huldebetuigings wat aan genl. Hertzog gerig is, spreek uit die slotreëls van 'n adres namens Jong Suid-Afrika van Klerksdorp en Distrik, gedateer 7 Mei 1938: "Vir Jong Suid-Afrika was u 'n herder, helper, leier, meester en vriend. Vir ons sal U naam lewe solank as berge mag bestaan. En solank ons 'n geskiedenis het sal daar met goue letters oor al die bladsye pryk die naam van James Barry Munnik Hertzog.

Gaan voort ons eie dierbaar Generaal.
Jong Suid-Afrika volg.
Luister en u sal hulle voetstappe hoor."

Vanuit 'n psigo-historiese oogpunt beskou, is die adresse 'n belangrike bron waaruit vasgestel kan word wat die *verhouding* was wat daar tussen genl. Hertzog en sy volgelinge bestaan het. Die aanhef van die geskrifte spreek 'n taal van hul eie. Selfs die toon van die aanspreekvorm vertolk 'n emosionele gesindheid wat wissel van die formele *Wel. Ed. Gestrenge Heer* in 'n adres wat aan hom in sy hoedanigheid as rondgaande regter op 14 Oktober 1895 oorhandig is, tot die gemeensaam-intieme *Geachte en welbeminde Vriend* in 'n adres van die Nasionaliste van Strydenburg, K.P., gedateer 5 Februarie 1921. Die aanspreekvorm in die aanhef van die adresse verskil aansienlik soos blyk uit die volgende paar voorbeelde: *Wel. Ed. Heer Geachte Volksvriend; Zeer Geachte en Geëerde Generaal, Zeer Geliefde en Hoog Edele Generaal; Sy Hoogedele, Genl. J.B.M. Hertzog L.V. Ons Geliefde Generaal; Wel Edele Gest. Heer en onser Generaal,* en, vir my persoonlik die treffendste groet van almal: *Dag Generaal!* (aanhef van 'n adres namens die Nasionale publiek van Middelburg, Tvl., 5 Januarie 1916).

Die adresse getuig van 'n geestelike verbondenheid wat daar tussen genl. Hertzog en sy volgelinge bestaan het en van 'n meelewing met al sy doen en late. So bv. herinner die Nasionaliste van Zastron hom op 5 September 1918 daaraan dat hy hulle ongeveer vyf jaar tevore laas besoek het, maar dat hy in werklikheid nooit afwesig was nie, want in hul eie woorde: "al was uw persoon nie hier nie, uw naam en, feitelik uw gees het geleef in ons harte en ons monde en dit is alsof UEd. maar gedurig teenwoordig onder ons was".

Daar is ook adresse waarin die volgelinge van genl. Hertzog rekenskap gee waarom hulle sy leierskap aanvaar. Die Nasionale Party van Kakamas skryf op 13 Mei 1924 dat hulle dankbaar is om in hom *'n leier* en nie *'n drywer* te besit nie en gaan dan voort: "U standvastigheid, opofferende liefde, en edele strewe vir die beste belange van ons volk bewonder ons: u blymoedige geloof in die toekoms gee ons moed en vertroue. Daarom wil ons u volg en saam met u stry vir die verwesenliking van u en ons ideale."

In verskeie adresse word genl. Hertzog daaraan herinner dat sy politieke loopbaan met belangstelling gevolg word en dat hulle as sy volgelinge nie nalopers van *persone* is nie, maar van beginsels en dat hulle hom ondersteun omdat hy vir hulle beginsels stry. Hulle sal hom bly volg solank hy nie van die ingeslane weg afwyk nie (Ek verwys hier na die adres van die Lede van die Suid-Afrikaanse Party van Middelburg, K.P., 1 November 1913; die van die Nasionale Partytak Wildschutsberg, dist. Tarkastad, "Oktober 1915", die van die Vroue- Nasionale Party Bethulie en Distrik "18.4.1929" en die van die Moeders en Dogters van Grootvlei en Heidelberg,

24 Mei 1924, asook die van die Nasionale Party Prieska, "1924" as voorbeelde).

'n Psigologiese faktor wat ongetwyfeld 'n rol gespeel het om die hegte verhouding tussen genl. Hertzog as leier en sy volgelinge tot stand te bring, was die gevoel by die mense dat hulle toegang tot hom het en dat hy eerlik met hulle is, dat hulle hom kan vertrou en dat hy hulle in sake van gemeenskaplike belang geken het. Hiervan getuig talle adresse. So bv. skryf die Nasionale Partytak van Ermelo op 15 Januarie 1921 dat genl. Hertzog nie alleen hul gevierde en beminde held is nie, maar tewens 'n *man* en 'n *vriend* is, wat 'n *hart* het, 'n *ope oor* besit en 'n bereidwillige hand uitsteek vir die welvaart en welsyn van 'n ieder en elk.

In die adres van die Vroue- Nasionale Party van die tak Goedemoed, gedateer 8 Desember 1923, verklaar die dames dat 'n besoek van hul leier hulle opnuut inspireer en met nuwe moed vervul want, in hul eie woorde: "daar is seker niks wat so opbouend op 'n volk werk nie as om te sien, dat die volksleiers selfs in die uithoekies van ons land die, in menige geval, verstrooides gaan opsoek, om hulle daardeur te laat sien, dat ook hulle eenhede van 'n groot volk is".

In teenstelling met die talle ere-adresse wat generaal Hertzog ontvang het, is die geskenke wat die adresse vergesel het maar klein en die aantal gering, bv. 'n geskenk eiehandig vervaardig deur leerlinge van die Praktiese Voorbereidingskool in Bloemfontein (1909), 'n wandelstok van die Jeug van Molteno (9 Oktober 1915) en 'n klein geskenkie aangebied deur 5 dogtertjies van Philippolis op 13 Oktober 1915. Uit waardering vir sy dienste aan die Afrikanervolk en veral weens die standpunt wat hy in die parlement ingeneem het teen die veldtog in Duitswes, het 140 dames van Rietspruit in die distrik Senekal-Winburg 'n vulpen aan hom geskenk. 'n Lys van name van die dames wat elkeen ses pennies vir dié doel bygedra het, verskyn onder aan die adres, gedateer 12 Februarie 1916. Op 5 September 1918 het "35 Vriende van Zastron" 32 Afrikanerverse en een Afrikanerbul as geskenk aangebied — die indrukwekkendste gif van almal waarna in die adresse verwys word.

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die adresse beslis betekenisvolle gegewens bevat vir enigeen wat 'n beeld wil vorm van die persoon sowel as die leierskap van genl. Hertzog. Naas hierdie gegewens is daar egter ook sekere fasette van die kulturele, politieke, ekonomiese en sosiale toestande tussen die jare 1912—1940 wat besondere aandag in die adresse geniet het.

**Taal en Onderwys**

Wat dié aangeleentheid betref, het genl. Hertzog se beywering vir die gelyke beregtiging van Engels en Hollands en vir onderwys deur middel van die moedertaal geweldige steun gekry in 'n groot aantal adresse. So bv. is een van die mooiste huldeblyke aan generaal Hertzog as taalstryder gelewer in 'n adres namens die Moeders en Dogters van Bethal en Distrik van 11 Januarie 1921, wat deur 105 dames onderteken is. Daarin is na hom verwys as die manmoedige en onbaatsugtige beskermer van sy volk. Dit is veral by die vroue dat die kwessie van die onderwys en opvoeding van die jeug die naaste aan die hart gelê het.

**Die credo: Suid-Afrika Eerste**

Die sluitsteen van genl. Hertzog se politieke beskouings was dat die belange van Suid-Afrika eerste gekom het, selfs voor dié van die Britse Ryk, en dat die twee

Blanke bevolkingsgroepe, die Afrikaans- sowel as die Engelssprekende, deur een vaderlandsliefde gedra moet word, wat soos twee strome langs mekaar in dieselfde rigting van 'n gemeenskaplike trou aan hul land moet vloei. Hierdie opvatting van *Suid-Afrika Eerste* het die verbeelding van sy volgelinge aangegryp en het veral na sy weglating uit die Bothakabinet 'n stukrag geword vir die oplaaiende nasionale gevoel soos in talle adresse weerspieël word. Ook die besef dat die Afrikaner tot selfstandigheid op ekonomiese gebied gelei moet word en dat die kultuurstryd hand aan hand gaan met die politieke en ekonomiese stryd.

**Die Armblankevraagstuk**

'n Ander saak waaraan genl. Hertzog sy aandag geskenk het, was die kwessie van werkloosheid en verarming onder die Blanke bevolking. In talle adresse tussen die jare 1914—1935 word daar na hierdie probleem verwys en om bystand gevra, of word hy bedank vir wat daar reeds op dié terrein vermag is, veral in die adresse tydens die droogtes en depressie in die vroeë dertigerjare.

**Die Rykskonferensie 1926**

'n Aangeleentheid waaroor genl. Hertzog van verskeie oorde adresse van verwelkoming terug in sy vaderland, huldebetuiging en waardering ontvang het, was die verkryging van dominiumstatus vir die Unie tydens die Rykskonferensie van 1926 in Londen. Dit was 'n prestasie wat die verbeelding van Afrikaans- sowel as Engelstaliges aangegryp het. Hierdie adresse getuig van die belangstelling en meelewing wat sy optrede in Engeland in sy vaderland geniet het. 'n Groot aantal van hierdie adresse is afkomstig van stadsrade met dieselfde teks soms in albei landstale langs mekaar in dieselfde omslag. Van die mooiste geïllustreerde adresse in die hele versameling dateer uit hierdie tydperk, nl. Desember 1926.

Die soewereine onafhanklikheid wat die Unie met die toekenning van dominiumstatus verkry het en die reuse-aandeel wat genl. Hertzog daarin gehad het, is met 'n vreugde en dankbaarheid begroet wat weinig adresse vóór of selfs ná die tyd gekenmerk het. As voorbeeld dat baie Engelssprekendes hulle in lofbetuiging en waardering volkome met hul Afrikaanssprekende landgenote vereenselwig het, blyk uit die volgende aanhaling uit 'n adres van die Stadsraad van Benoni, gedateer 14 Desember 1926: "We congratulate you on the successful issue of your arduous labours at the Imperial Conference. We feel that in all the many important problems with which you had to deal at the Conference you devoted yourself with outstanding zeal and ability and with singleness of purpose to the service of South Africa."

In verskeie adresse is die hoop uitgespreek dat die nuutverkreë status wat die binnelandse verhoudinge betref, 'n gees van goeie welwillendheid en 'n goeie verstandhouding tussen die verskillende seksies van die bevolking sou teweegbring. Hierdie blyke van eensgesindheid en welwillendheid wat uit die adresse van die Engelssprekendes gespreek het, kon 'n invloed uitgeoefen het op genl. Hertzog se houding ten opsigte van die propaganda vir 'n republikeinse staatsvorm op daardie tydstip, asook t.o.v. sy besluit tot 'n koalisie en daarna samesmelting met die Smutsparty in 1934.

**Die Naturellekwessie**

Naas die kwessies van nasionale bewuswording by die Afrikaner en die erkenning

van sy eie taal en die onderwys, is die Naturellevraagstuk 'n saak wat baie aandag geniet het in die adresse wat generaal Hertzog ontvang het. Reeds vanaf 1925 is daar telkens na die kwessie verwys, maar dit is eers van 1928 af dat dié vraagstuk prominent op die voorgrond getree het. Dit is te begrype: Na die geestelike insinking wat op die vernietiging van die Boererepublieke gevolg het, moes daar by die nuwe bewuswording en aanvaarding van 'n eie identiteit die stryd opnuut aangeknoop word om 'n eie volksbestaan te verseker en te waak oor die onvervreembare regte van hul eie taal en die onderwys van hul kinders. Daarna moes die Afrikaner georganiseer word om die politieke mag te verower. Toe hierdie doelstelling met die algemene verkiesing van 1924 verwerklik is, kon aandag gegee word aan ander sake wat van wesenlike belang vir hul eie toekoms en voortbestaan was. Vanaf 1928 het die Naturellevraagstuk dringend na vore gekom in die adresse, veral in die maande wat die verkiesing van 1929 voorafgegaan het. Die gedagte dat die toekoms en voortbestaan van die Blanke beveilig moet word, kom telkens na vore.

Soos reeds vermeld, het genl. Hertzog in sy hoedanigheid as Eerste Minister en as Minister van Naturellesake verskeie Naturellegebiede besoek en afgevaardigdes ontmoet om hom van die gevoelens en wense van die bewoners te vergewis. In die adresse wat by dié geleenthede ontvang is, blyk die houding van die Naturelle t.o.v. die beleid van segregasie, die Nijverheids Verzoeningswet van 1924, die Stadsgebiede Wet van 1923, e.d.m. Ofskoon in meer as een adres waardering uitgespreek is vir die pogings wat aangewend is om die probleme op te los, blyk dit tog dat die gevoel daar was dat die regering nie deur die wetgewing wat ingestel was om die segregasiebeleid te bevorder tot 'n oplossing van die probleem gekom het nie (die *Elliot Native Municipal Association,* "Aug. 1925").

**Volkseenheid**

Die breuk tussen generaal Hertzog en genl. Botha in 1913 het by die Afrikaanssprekende deel van die bevolking diepe ontsteltenis en ernstige kommer verwek. Gevolglik is daar telkens van 1913 tot 1920 agter die skerms en in die openbaar onvermoeide pogings aangewend om die Afrikanervolk op politieke terrein weer te verenig. Hierdie begeerte dat die volk weer verenig moet word, kom herhaaldelik tot uiting in die adresse. In sommige geskrifte (bv. dié van die Nasionale Partytak van Wakkerstroom 18 Januarie 1921, die van die Nasionale Party, Ladismith, K.P., 16 Mei 1924, en die adres van die Nasionale Party van die distrik Boshof, 24 Oktober 1924) word die begeerte uitgespreek dat die Afrikaners weer in een nasionale party verenig moet word, terwyl in ander die vereniging van alle volksgroepe tot één Suid-Afrikaanse nasie of nouer samewerking met die andertaliges bepleit word (o.m. in die adresse van die Distriksbestuur van die Nasionale Party van Fauresmith, 21 September 1915, en dié van die Nasionaliste van Cradock en Distrik, gedateer 4 Oktober 1915).

Bewus van die regsinnigheid van hul leier en dat dit by generaal Hertzog nie 'n geval van enge chauvinisme was nie, maar dat hy in diens van alle bevolkingsgroepe gestaan het, skryf die Nasionale Party van Vryburg op 6 April 1923 as volg: "Nee! ons party, ons volk, wil 'n ieder blank man, in wie daar 'n broederhart klop, die hand gee, watter taal hy ook praat — en oor die inboorling met wysheid, geregtigheid en liefde ons voogdyskap uitoefen. U politieke loopbaan het ons oortuig, geliefde Generaal, dat U ook hierin ons ideaal beliggaam."

Ook ten opsigte van die koalisie wat in 1933 en samesmelting wat in 1934 aangegaan is, is hierdie stap van genl. Hertzog in verskeie adresse (o.m. in dié van die

Nasionale Party van Frankfort, 18.11.1933) en veral in dié van vroue gesien as die hereniging van volksgenote wat by mekaar hoort en as die opbou van 'n verenigde Suid-Afrikaanse nasie. Daar spreek egter ook vertwyfeling oor die wysheid van hierdie stap uit ander adresse o.m. uit 'n adres van genl. Hertzog se eie kiesafdeling Smithfield (1.9.1933).

In slegs *drie* adresse uit die hele versameling van 642 word die wens vir die totstandkoming van 'n *republiek* terloops uitgespreek. Die eerste twee adresse is afkomstig van die Nasionale Partytak Carolina en die Vroue- Nasionale Party van dieselfde dorp, albei gedateer 24 Junie 1918. Laasgenoemde adres is onderteken deur 25 persone en daarin word gevra dat die "vurig verlangde Republiek van het Vereenigd Zuid Afrika" aan hulle terugbesorg sal word. Die ander adres is afkomstig van Spoorwegarbeiders van Bloemfontein, gedateer 1920. In 'n vierde adres, een van die Inwoners van Bethulie, 10 September 1934, word gevra dat dit elkeen sal vrystaan om sy sienswyse ten gunste van 'n republikeinse regeringsvorm uit te spreek. Dus 'n totaal van vier adresse waarin daar na 'n republiek verwys word. Onwillekeurig kom die vraag of die republikeinse ideaal op daardie tydstip wel by die breë laag van die Afrikanervolk aanwesig was, en in watter mate "republiek" as slagspreuk deur sekere politici aangewend is vir eie persoonlike oogmerke.

**Generaal Hertzog as Staatsman**

Ten slotte gee die adresse ook 'n beeld van hoe genl. Hertzog se volgelinge hom as *staatsman* gesien het en welke prestasies van die generaal volgens hulle bó die vlak van partypolitiek uitgestyg het.

In die eerste plek is hy beskou as die vergestalting van die hoogste aspirasies van die Afrikaner. Hy het opgetree as mondstuk van 'n volk en op die voorpunt gestaan in die stryd om 'n gelyke beregtiging van die Afrikaner se taal met dié van sy Engelse landgenoot. Dit was, skryf die Nasionale Party van Middelburg, Tvl., op 7 Mei 1929, die eerste stap in die rigting vir die opheffing van die onderworpene. Wat die taalkwessie betref, is hy beskou as die grondlegger van die beginsel van tweetaligheid.

Deur sy optrede het hy die bewustheid by die Afrikaner laat ontstaan van sy eie waarde en het hy 'n gevoel van selfrespek weer laat herleef. Daarby het hy nooit geaarsel nie om onverskrokke en met die grootste beslistheid op te tree wanneer dit om die reg en belange van *Suid-Afrika* gegaan het nie. Die trefkrag van genl. Hertzog se credo "Suid-Afrika Eerste" word weerspieël in talle adresse. Sy sterk regeverdigheidsin ten opsigte van alle rasse, seksies en partye in die land word sterk beklemtoon. In 'n adres uit Vryburg, gedateer 6 April 1923, word dit as volg gestel: "Als staatsman wil ons ook op U, edele Generaal, toepas wat van Fabrisius, die Romeinse konsul, gesê is: naamlik dat dit gemakliker sou wees om die son van sy koers te bring as om Fabrisius van die spoor van geregtigheid te laat dwaal."

Een van sy grootste prestasies as staatsman waarna in 'n groot aantal adresse verwys is, was sy aandeel in die verkryging van dominiumstatus vir die Unie van Suid-Afrika. Daarnaas staan sy strewe om naas die staatkundige onafhanklikheid van sy land 'n kerngesonde en selfstandige ekonomie op te bou soos die besluit van 1928 om 'n eie yster- en staalkorporasie op te rig, die instelling van beskermingstariewe om die bestaande nywerhede teen buitelandse konkurensie te beskerm en die aanmoediging van buitelandse nyweraars om nywerhede in Suid-Afrika te vestig.

Daar is verwys na die ekonomiese en sub-ekonomiese behuisingsplanne wat

ontwerp is, die wetenskaplike bevordering van die landbou tydens sy bewind, die oprigting van besproeiingswerke, die uitbreiding van spoorweë en paaie, die verkryging van Europese markte vir Suid-Afrikaanse produkte deur die aanstelling van handelskommissarisse in die buiteland, asook die aangaan van handelsverdrae wat o.m. uit die Ottawa-konferensie van 1932 voortgespruit het.

Die aandag word daarop gevestig dat genl. Hertzog naas die belange van die boer ook dié van die gewone arbeider op die hart gedra het. In hierdie verband skryf die Spoorwegtakke van die Nasionale Party (waarskynlik van Bloemfontein "1929"):

> "As spoorwerkers veral wil ons u ons innige dank toebring vir wat u gedurende die korte tyd wat u oor Suid-Afrika regeer het vir die werkende stand in die algemeen en die spoorwegwerkers in die besonder gedoen het ...
> U is die eerste staatsman in Suid-Afrika wat 'n warm hart vir die werkende stand van u volk het en daarom sal die algoede God u seën."

Verder getuig verskeie adresse dat genl. Hertzog die eerste Suid-Afrikaanse staatsman was wat 'n oplossing probeer vind het vir die ingewikkelde Nie-blanke vraagstuk.

Die waardering vir wat hy vir Suid-Afrika in die algemeen beteken het, word in een enkele sin in die huldegroet van die Jeug van Smithfield op 29 Oktober 1920 saamgevat: *In u sien ons ons ideaal van 'n staatsman verwesenlik.*

Samevattend kan die betekenis van die ere-adresse as historiese bron kortliks as volg gestel word:

*Eerstens* is die adresse dokumente wat die geskiedenis van die Afrikanervolk tussen die jare 1912—1940 in 'n groot mate weerspieël. Uit hierdie geskrifte blyk die gevoelens en gesindheid wat genl. Hertzog se politieke optrede by sy volgelinge gewek het. Die waarde van die adresse moet nie gesoek word in 'n objektiewe getuienis oor gebeurtenisse nie. Hulle betekenis lê daarin dat hulle openbaar wat 'n deel van die Blanke bevolking gedink en gevoel het oor belangrike gebeurtenisse en maatskaplike en ekonomiese toestande. Om dié rede kan hulle 'n bydrae lewer tot groter begrip van en beter insig in die verlede.

*Tweedens* is die adresse van belang vir die biograaf. Hulle gee nie net 'n beeld van genl. Hertzog as mens nie, maar ook van hom as politieke leier en staatsman. Die geskrifte is ook 'n openbaring van die verhouding wat daar tussen die generaal en sy volgelinge bestaan het. Sosiaal-psigologies gesien gee hulle 'n aanduiding van die faktore waarop *leierskap* berus en aan watter vereistes 'n leier moet voldoen.

*Derdens* is die adresse 'n waardevolle bron vir die kultuurhistorikus. Hulle openbaar die karakter en lewensbeskouing van die mense wat hierdie geskrifte opgestel het. Belangrik is die geestelike waardes wat hierin geopenbaar word, want deur die adresse het die stem van 'n groot deel van die Afrikanervolk tot uiting gekom.

*Laastens:* Vir die filoloog wat 'n belangstelling het in die geleidelike ontwikkeling van Afrikaans as geskrewe taal uit Nederlands, bied hierdie geskrifte 'n interessante studieveld.